



SKIETLOOD

Laat U koninkryk kom

Deel van die kern van Jesus se boodskap op aarde, was die koninkryk van God. Hierdie koninkryk was ook bekend as die koninkryk van die hemele, die koninkryk van my Vader, die ewige lewe en ander terme wat dieselfde konsep aandui. Daar is verskillende terme wat onderling uitgeruil kan word om dieselfde konsep aan te dui. Daar is 'n ryke verskeidenheid van metafore wat gebruik word om die heerskappy van God aan te dui.

Wat bedoel ons wanneer ons hierdie bede op ons lippe neem? Om daardie vraag te beantwoord, is dit allereers nodig dat ons die konsep van koninkryk moet verstaan voordat ons kan bid dat hierdie koninkryk moet kom.

Koninkryk

Die koninkryk van God as 'n buite-aardse werklikheid wat die hede en die toekoms bepaal, is 'n konsep wat in die hele Bybel teruggevind kan word. Ons kan in die besonder lees van God as koning in Jesaja, Jeremia, Miga en die Psalms. God se koningskap het 'n tydlose dimensie. Dit beteken verlede, hede, en toekoms staan onder hierdie heerskappy van God. 'n Versigtige lees sal ons laat agterkom dat hierdie verstaan van God toenemend 'n eskatologiese dimensie kry. Hoe meer God as koning erken word, hoe groter word die verwagting dat God hierdie koningskap sal openbaar, juis omdat dit

nie in hierdie bedeling duidelik sigbaar is nie.

God se koningskap word nie net as 'n algemene verwagting ten opsigte van die toekoms verstaan nie. Daar is twee besondere toespitsings wat naas mekaar loop in die verstaan van sy heerskappy. Aan die een kant is daar die nasionale belang van die volk Israel wat 'n mens se bestaan voor God medebepaal, met ander woorde Israel as uitverkore volk maak dat Israeliete 'n besonder gunstige posisie voor God het. Naas hierdie tradisie leef daar ook die gedagte dat God koning van elke mens is en dat dit die individu is wat aan God die eer as koning gee. Die mens moet kies om die juk op te neem. Die gemeenskapslyn en die individualistiese lyne loop naas mekaar in die Bybel, sonder dat die een die ander oorheers. God se koninkryk as saak van privaat belang en nasionale of gemeenskapsbelang kan veronderstel word.

Die koninkryk van God is ook die koninkryk van Jesus. Ons sien dit uit gedeeltes soos Matteus 13:41: *“Die Seun van die mens sal sy engele stuur, en hulle sal uit sy koninkryk verwyder almal wat ander mense in sonde laat val, en almal wat die wet van God oortree”*. Matteus 16:28: *“Dit verseker Ek julle: Daar is party van dié wat hier staan wat beslis nie sal sterwe voordat hulle die Seun van die mens in sy koninkryk sien kom het nie.”* Lukas 23:42-3: *Verder sê hy: “Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom.” Jesus antwoord hom:*

“Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees.” Vir ons as Christene gaan daar vrye toegang tot hierdie koninkryk van God wees soos ons sien in II Petrus 1:11 “En dan sal daar vir julle vrye en feestelike toegang wees tot die ewige koninkryk van ons Here en Verlosser, Jesus Christus.” Jesus se koninkryk is dieselfde koninkryk as die koninkryk van God. Hierdie koninkryk is ’n heerskappy en nie ’n geografies of histories aanduibare koninkryk nie. Dit is ook nie ’n koninkryk wat ’n spesifieke ekonomiese of sosiale werklikheid bevorder of vergestalt nie. Ons verstaan ’n koninkryk as ’n geografiese, politieke bepaalde gebied en die een wat regeer is die koning. God se koninkryk dui op God se heerskappy en alles wat onder hierdie heerskappy val, is deel van die koninkryk. Daarmee saam moet dit duidelik gestel word dat hierdie heerskappy nie die resultaat is van ’n proses en menslike insette nie. God word nie koning nie, Hy is koning. Mense maak nie God koning nie, Hy is Koning ongeag menslike moeite en erkenning. Dit is God se aksie en wese wat die aard van sy koninkryk bepaal. Selfs die krag en heerlikheid wat met hierdie koninkryk vereenselwig word, het ’n eie bestaan naas menslike insette, onafhanklik van menslike insette of erkenning. God se krag en heerlikheid is nie van menslike moeite afhanklik nie. God se koninkryk het ’n soteriologiese dimensie wat ’n duidelike toespitsing op die mens het. God se koninkryk se soteriologiese dimensie is die feit dat God in liefde tot die mens gerig is. Met ander woorde die deur na God se koninkryk is soteriologies van aard. Dit

is die mens wat gered is wat hierdie heerskappy sal ervaar.

Dit maak dit duidelik dat Jesus se prediking, asook die van sy dissipels, ’n prediking aangaande die koninkryk van God is. Die Evangelie is gefokus op die koninkryk van God. Hierdie prediking verkondig dat die koninkryk naby is en dat die einde van tyd nader snel. Die eindtyd sal die begin van die sigbaarwording van hierdie koninkryk wees. Met ander woorde God regeer en by die apokalips gaan hierdie heerskappy sigbaar word. Net die wat gered is, sal staande kan bly by die sigbaarwording van God se bedeling. God regeer altyd.

Aan die ander kant is hierdie koninkryk van God nie op ’n kontinue lyn met hierdie bedeling nie. Dit is ’n totaal ander bedeling, ’n radikale nuwe begin met geen einde nie. God se koninkryk is met ander woorde nie die eindpunt of hoogtepunt van ’n proses nie. Dit is ook nie die somtotaal van alles goed in oorvloed nie. Daar is geen vorderingsverslag moontlik met goeie gebeurtenisse as padpredikante na hierdie nuwe sigbaarwording van die heerskappy van God nie.

Ons kan nie God se koninkryk in ons harte dra as ’n eie ingesteldheid, of ’n gemeenskap (kerk) se samesyn nie. God se koninkryk kan nie hier op aarde deur mense ingebring of gevestig word nie. God se tyd is God se tyd. Die gelowige moet geduldig wag vir God om hierdie nuwe werklikheid te laat deurbreek. God se koninkryk gaan op wonderbaarlike wyse kom, sonder enige menslike inisiatief, bystand of samewerking.

In Jesus se optrede en prediking word die radikale andersheid van God se koninkryk aan ons onthul. Hierdie boodskap van Jesus is gelyk aan die enkeling en die gemeenskap gerig. Mense wat die boodskap ontvang en glo, is in voeling met die koninkryk wat sonder hulle as mense se samewerking gaan kom. Vir gelowiges is die Evangelie inderdaad die blye boodskap van redding wat die mens oop maak vir God se heerskappy. Ons fokus sal as gelowiges op die uitnodiging wees en ons sal nie agter struikelblokke gaan wegkruip om 'n antwoord op die uitnodiging te soek nie (vergelyk Matteus 22:1-14). Die uitnodiging (Evangelie wat verkondig word) duld nie 'n neutrale houding nie, dit vra na 'n berekende "JA". Enige antwoord, van uitstel tot twyfel, sal as 'n duidelike "NEE": aanvaar word. Daar is net "JA" of "NEE" ten opsigte van God se uitnodiging na sy koninkryk moontlik. Jesus se gelykenisse leer ons dat dit enige en alle pogings werd is om in God se koninkryk te kom. Net so is dit ook meer werd as enige prys wat ons moet betaal.

Teen hierdie agtergrond kan ons nou gaan kyk na die bedoeling van die bede dat God se koninkryk moet kom.

Laat U koninkryk kom

God se ryk kom nie in aansyn na aanleiding van menslike inisiatief nie, en kan ook nie deur menslike optrede bevorder of geskaad word nie. God se koninkryk is ook nie 'n menslike leerstuk of teologiese doktrine nie. Dit is die werklikheid dat God regeer, selfs waar ons dit die minste verwag. Dit is 'n saak

waarin God mense en gemeenskappe uitnoui om deel te word van die paradys. God nooi mense uit. Om hierdie uitnodiging te aanvaar, beteken dat ons as mense tot bekering moet kom. Bekering beteken berou, inkeer, ommekeer en toewyding. Hierdie handeling moet nie as 'n heilsorde (*ordo salutis*) verstaan word nie, maar as kenmerke eie aan burgers van die koninkryk van God. In terme van ons optrede beteken dit dat ons nie God se koninkryk aanjaag of inbring deur ons optrede nie, net dat ons daardeur ons aanvaarding van die uitnodiging aandui en ons openheid ten opsigte van God se heerskappy uitleef.

God se koninkryk is nie van hierdie wêreld nie. Dit begin klein en word 'n groot werklikheid. Mense moet nie grootte en koninkryk met mekaar verwar nie. Die groei of krimp van die kerk is met ander woorde nie aanduiding dat God se koninkryk kom nie. Die groei van die kerk dui daarop dat die uitnodiging aan meer mense aangebied word, en meer mense in geduld die uitnodiging aanvaar. "Laat U koninkryk kom", is daarom die bede tot verkondiging van die Evangelie, die aanbied van die uitnodiging aan alle mense. Eintlik is dit die bede dat die menslike verkondigingspogings geseën sal word. God is die een wat in beheer bly.

Daar is verskeie kere verwys na geduld. God se koninkryk se koms (sigbaar wording) is nie van ons (beste) pogings afhanklik nie. Saam met die apostel Johannes, kan ons net die woorde herhaal van Openbaring 22:20: "*Hy wat dit alles getuig, sê: "Ja, Ek kom gou!" Amen! Kom, Here Jesus*". Hierdie reikhalssende verlange na die einde van

hierdie jammerdal hoort tuis in al ons gebede.

Ons glo dat die koninkryk nou reeds deurbreek in hierdie werklikheid in. Dit word duidelik daarin dat mense oop is vir die uitnodiging en daarom in hulle lewens hulle nuwe burgerskap laat blyk. Die bede na die koms van God se koninkryk kan en mag nooit gekoppel word aan menslike prestasies of arbeid nie.

Dit is veral in terme van barmhartigheid dat mense daarna strewende om al meer van God se heerskappy te laat blyk. Hulle verstaan duidelik nie dat geen menslike arbeid 'n aks kan skuif aan God se regering nie. Hulle pogings om die nuwe hemel hier op aarde te skep, of net te bevorder, dui daarop dat hulle dink dat die koms 'n proses is wat in samewerking met mense werklikheid sal word! Hulle misverstaan selfs effektiewe barmhartigheid en 'n mensgeskepte Utopia as die koms van God se heerskappy. God se koninkryk is nie van hierdie wêreld nie, is nie die somtotaal van goeie pogings nie. Op dieselfde manier moet ons sogenaamde "sosiale geregtigheid" verstaan as 'n menslike konstruk. Enige gemeenskapskonstruk wat as ideaal gestel word, dui op menslike drome en 'n prosesmatige verstaan wat by wyse van opstapeling van goedheid die hemel bewerkstellig. Barmhartigheid **kan** daarop dui dat mense God se uitnodiging aanvaar het. Niks meer nie. Baie ander moontlikhede kan egter ter verklaring gestel word. Op dieselfde manier moet enige Marxistiese strewende na "sosiale geregtigheid" verstaan word as 'n menslike ideaal wat tot menslike resultate verdoem is.

Gerig op die hede, is hierdie bede met ander woorde 'n versoek dat die verkondiging van die Evangelie bevorder moet word. Gerig op die toekoms, is hierdie bede die uitspraak van die wens dat die einde van tyd sal aanbreek en dat God se heerskappy sigbaar sal word.